

'Hoe dink julle as vroue hieroor?'

Frederick Marais



Ek het nog nooit aan myself gedink as iemand wat teenoor vroue diskrimineer nie – nie in die algemeen nie, en beslis nie in die kerk nie! Ek was nog altyd 'n voorstander daarvan dat daar geen diskriminasie teenoor vroue behoort te wees nie, en dat hulle toegang tot alle vlakke van leierskap in die kerk moet hê. Ek het myself getroos dat so 'n akkommoderende houding outomaties tot gevolg sal hê dat vroue se potensiaal in die kerk ontsluit sal word.

Nádat ek die voorreg gehad het om saam met die ADGO-taakspan navorsing te doen oor die behoeftes van vroue en hoe hulle potensiaal in die kerk tot sy reg moet kom, is ek ontugter deur my eie naïwiteit en onbetrokkenheid om 'n kultuur te help skep waar vroue en mans gesamentlik mekaar se potensiaal in die kerk na vore laat kom. Elders in hierdie uitgawe sal julle die navorsingsresultate raakloop. Dus fokus ek in dié artikel op wat met my gebeur het.

'Hoe sal julle as vroue hieroor dink?'

My oë het daarvoor oopgegaan dat ons as mans onself troos met die feit dat ons vroue verkies op komitees, sonder om die kultuur en die agendas van dié komitees te verander. Ons kies vroue-vertegenwoordigers op kommissies en taakspanne (reeds hier hang ons onderrok uit!), maar die mans gaan dikwels voort asof die vroue nie daar is nie. As die vroue wil deelneem, is dit aan die agenda wat mans opgestel het. Hoeveel keer het ek nie al in taakspanne gesit met een of twee vroue-ver-

teenwoordigers wat maar gedweë sit en toekyk hoe mans voortgaan om die ding te doen nie, so nou en dan met 'n paternalistiese opmerking soos: "... nou hoe sal julle as vroue hieroor dink?" Ek moet sê, as ek die ander skoen moet aantrek, sal ek nie 'n benul hê as ek gevra word hoe mans nou oor die saak sal dink nie!

Mans in magsposisies moet ruimte vir vroueleiers skep

Vroue is al só lank gewoon dat mans die kerk beheer, dat hulle dikwels nie eers die verwagting het dat dit anders kan wees nie. Hulle speel maar saam op die veld waarvan mans die lyne getrek het.

Ek het baie hieroor gewonder. Hoekom spreek hulle hulle nie sterker uit vir hulle perspektief nie? Is dit dalk omdat ons mans eintlik maar steeds dink dit is óns kerk, en dat ons vroue net so nou en dan raadpleeg om ons gewete te sus? Wie is nou lus om onder sulke omstandighede 'n mening te gee?

Die onttrekking van vroue uit die leierskapsterrein van die kerk, selfs al word dit hulle aangebied, sal nie verander indien daar nie 'n kultuurverandering kom waar vroue kan aanvoel dat hulle méér as net verdra word nie, maar werklik toegelaat word om hulle stempel as vroueleiers af te druk. Soos in alle transformasie, sal dit van hulle in die magsposisies – in dié geval die mans – afhang om daardie ruimte te skep.

By leierskap ignoreer mans vroue

My grootste ontugtering is dat mans vroue ignoreer as dit by leierskap kom. Wanneer taakspanne leiers moet kies, is dit nege uit die tien keer mans, kerkradsvoorsitters en sinodes se moderators. Wat eintlik gebeur, is dat ons die span klaar saamstel – en dan vra of ons nie ook 'n vrou in die span moet kry nie.

As studente-uitreikspanne dames- en mansleiers het, word dit as vanselfsprekend gesien dat die man

sal lei en die vrou ondersteun, ongeag hulle gawes. Is dit omdat ons dink dat dit polities korrek is om 'n vrou op die span te hê, of omdat ons werklik die bydrae van 'n vrou wil hê - dit terwyl hierdie navorsing getoon het dat dubbeld soveel vroue bereid is om as leiers op te tree as wat in die praktyk wel in leiersposisies is?

Hoe jonger die vroue, hoe meer gereed en geroepe voel hulle om as leiers op te tree. Ek weet baie mense dink dat ons gemeentes se kerklike sisteme nog nie gereed is daarvoor nie. Ek dink dié argument is nonsens wat grens aan sondige diskriminasie deur mense wat dit moeilik vind om hulle gemaksones te verlaat.

Mans en vroue moet volgens hulle gawes gebruik word

Ek het ontdek (ja, ek moes dit geweet het!) dat vroue meestal gebruik word om geld in te samel en ondersteuningsdienste te lewer. Hulle sorg vir die "te ete", en die mans neem die besluite. By hoeveel kerkrade is dit nie nog die geval dat die vrou tydens die kerkraadsvergadering die hele tyd in die kombuis sit om die tee en broodjies voor te berei nie, terwyl 'n oorwegend manlike vergadering die besluite neem!

Ja, ek weet daar is vroue wat graag so 'n diensfunksie vervul en regtig dit as 'n roeping beskou. Maar soos ek dinge verstaan, behoort daar ook mans te wees wat eerder die gawes het vir diensfunksies, en vroue wat baie graag in die vergadering sal wil wees om te help om leiding te neem.

Pynlike wêreld van diskriminasie

Nádat ek met vroue oor hierdie resultate begin praat het, het ek bewus geword van die pynlike wêreld van vroue wat diskriminasie in die kerk ervaar het. Baie min praat daarvoor, want dan word hulle as feministes en onsensitief teenoor mans gebrandmerk. Dit is eenvoudig nie veilig vir vroue om daarvoor eerlik te wees dat daar teen hulle gediskrimineer word nie. Dit is ons as mans se verantwoordelikheid om dié stand van sake te verander.

As die eerste gesprekke hieroor rou en eerlik is, selfs tot op die punt van onsensitieweit, moet ons as mans nou ook nie so kleinserig wees nie. Wat het ons anders verwag? Om ná jare van diskriminasie geprys te word dat ons die amp oopgemaak het?! Mans behoort hulleself vir 'n oomblik in die skoene van vroue te plaas. Hoe sou ons gemaak het as die

toe deure uiteindelik oopgemaak word, maar ons steeds 'n kamer binnestap waar ons eintlik maar verdra en nie waardeer word nie?

Van kapitulasie en kompetisie na bemagtiging

Mans weet nie hoe om hulle te gedra as vroue in die leierskap is nie. Óf hulle kapituleer, óf hulle kompeteer. Daarom gebeur dit min dat ons by 'n punt kom waar beide geslagte bemagtig voel. Meermale ontmagtig ons mekaar.

Hier het ek meer simpatie met myself as man. Ek dink ons onderskat hóé onseker en ontmagtig mans kan voel in 'n wêreld waarin vroue bemagtig word. Ek is seker dit kan anders wees, maar daarvoor sal ons verby die eerste politiek-korrekte gesprek en houdinkies moet kom, en eerlik as mans en vroue mekaar moet help om die beste in mekaar te ontsluit. Ek dink dit is eintlik waaroor dit gaan: Dat die gawes wat aan vroue én mans gegee is, in die kerk in mekaar se teenwoordigheid ontsluit word. Deur stil te bly, gaan ons niks vorder nie.

Kultuurskuif nodig waar net mans in beheer is

Die navorsing en opvolggesprekke het my gehelp om te verstaan hóé belangrik konteks is – dat dit méér bepalend as enige ander faktor in die bemagtiging van vroue is.

Daar is steeds kontekste waar mans die samelewing só totaal beheer dat dit byna onmoontlik vir vroue is om hulleself as leiers in die teenwoordigheid van mans uit te leef; kontekste waar vroue so afhanklik van mans is dat hulle eintlik geen ander ruimte gegun word as om ondersteunende diens te lewer nie. Ek weet dat dit ons as mans se taak is om dit raak te sien en iets daaromtrent te doen. Op hulle eie, sal dit vir daardie vroue min of meer selfmoord wees. As man, kan ek minstens begin om 'n bewussyn hieroor te probeer skep, sodat 'n kultuurskuif uiteindelik te weeg gebring word.

** Frederick Marais is 'n gemeentekonsultant by Buvton in die Wes-en-Suid-Kaaplandse sinode. Die navorsing waarop die Algemene Sinode se verslag oor vrouelidmate berus, is in samewerking met hom gedoen. Benewens die verskeie netwerke wat hy in die NG Kerk help vestig het, is hy ook die skrywer van die Seisoen van Luister-produk: God praat – Leef luisterryk: vir vergaderings by Bybel-Media.*